‘N EENVOUDIGE MANIER OM TE BID

Deur Dr Martin Luther

Vryvertaal in Afrikaans deur Mariki van der Merwe

Inleiding

Vroeg gedurende 1535, het Peter Beskedorf, 'n haarkapper en ou vriend van Dr Luther hom gevra vir voorstelle aangaande gebed. Luther het gereageer met 'n oop brief, getitel "*How One Should Pray, for Master Peter, the Barber".* Hierdie brief volg in die volgende bladsye.

Luther se gebedinstruksies kom hierop neer: bid die kategismus. Daar was gesê dat die 'Klein Kategismus die enigste kategismus is wat in die wêreld gebid kan word, en dit is presies wat Luther bedoel. Die Kategisme is nie slegs 'n inligtingsboek nie, maar soos Luther van die tien gebooie sê: " 'n skoolteks, liedboek, boetedoening- en gebede boek."
Hiermee sink Luther die woorde van die Katgismus in ons gedates en harte, dat die Onse Vader gebed, die Tien Gebooie en die Apostel se geloofsbeleidenis altyd op ons lippe sal wees, of ons met God praat of met ons buurman. Die dele van die kategismus vorm hoe ons dink, optree, praat en bid.

Luther gee raad en instruksies hoe om elke afdeling van die Onse Vader gebed uit te brei. Hy wys hoe die Tien Gebooie, soos 'n krans, in vier dele geweef kan word nl. onderrig, danksegging, beleidenis en petisie. Die drie artikels van geloof word saam geweef. Vir Luther gaan gebed gepaard met oordenking van die Woord van God. Bestudering en oordenking van die Woord verander in gebed, en andersyds lei gebed ons weer terug na die Skrif waar God ons verfris met Sy geskenke van lewe, redding en vergifnis van al ons sonde. Die Here praat met ons deur Sy Woord en ons reageer deur ons dank en versoeke aan Hom.

Mag hierdie brief van Luther, wat ongeveer 500 jaar gelede geskryf is, ons aanmoedig om die kategimus te bid en God te vra vir alles wat ons nodig het, soos kinders hulle vaders vra.

Pastoor Wolfmeuller

Hope Lutheran Church, Aurora, CO

Second week after Trinity Sunday, 2006

'N EENVOUDIGE MANIER OM TE BID

Deur Martin Luther

Ek sal julle na my beste vermoë vertel wat ek persoonlik doen wanneer ek bid. Mag ons liewe Vader gee dat julle en almal dit beter doen as ek! Amen.

Eerstens, wanneer ek besef dat in gebed ek lou en lusteloos raak as gevolg van ander take en gedates (want satan en die vlees pla altyd en belemmer gebed). Ek vat my klein psalmboek, gaan gou na my kamer, of, indien dit 'n dag en tyd vir kerk is waar die gemeente bymekaarkom. Ek sê, soos 'n kind, die Tien Gebooie, en die Geloofsbeleidenis op en indien daar genoeg tyd is, sommige woorde van Christus of Paulus.

Dis goed om gebed die eerste aksie soggens en saans te maak. Wees versigtig en waak teen die vals, verleidelike idees wat vir jou sê: "Wag 'n rukkie. Ek sal oor 'n uur bid, ek moet eers aandag gee aan iets anders". Sulke gedagtes sal jou weerhou van gebed, en ander dinge sal jou gedagte so besig hou dat daar niks van gebed kom nie.

Dit mag so wees dat jy sekere take wat net so goed of beter is as gebed is, veral in n krisis. Daar is 'n gesegde toegeskryf aan St Jerome dat alles wat 'n gelowige doen is gebed en 'n werkwoord. "*He who works faithfully prays twice".* Dit kan gessê word, want 'n gelowige vrees en eer God deur sy werk en onthou die gebod om aan niemand iets verkeerds te doen, of te steel oneerlik te wees of te kul nie. Sulke gedagtes en sulke geloof verander sy werk na gebed en 'n offer van lof.

Andersyds is dit ook waar dat die werk van 'n ongelowige blatante gevloek is, die person wat dus sonder geloof werk, vloek dubbel.Terwyl hy sy werk doen, is sy gedagtes gevul met die afskeep van God en sy gebooie, hoe om sy naaste te misbruik, van hom te steel en hom te bedrieg. Wat anders kan hierdie gedagtes wees as uit en uit vloek teen God en mens, wat veroorsaak dat sy werk en moeite 'n dubbele vloek word en homself vervloek. Ten einde is hulle bedelaars en knoeiers. Dit is van sulke aanhoudende gebed wat Christus in Lukas 11 sê: "Bid sonder ophou", so onophoudelik moet waak teen sonde en verkeerd doen, iets wat nie moontlik is tensy mens God vrees en Sy gebooies in gedate hou nie, soos daar geskryf staan in Psalm 1:1,2: "Welgeluksalig is die man wat Sy wet dag en nag oordink." Maar ons moet versigtig wees om nie die gewoonte van ware gebed te beek en te dink ander werke is noodsaaklik, wat glad nie so is nie. Dus raak ons aan die eide laks en lui, koel en lusteloos teenoor gebed. Die satan wat ons beset is nie lui of nalatig nie en ons vlees is gereed en gewillig tot sonde en nie geneig tot die gees van gebed nie.

Om die Onse Vader te Bid

Wanneer jou hart verwarm is nadat jy die Tien Gebooie, die woorde van Christus ensovoorts vir jouself opgesê het, en jy ingestel is op die saak, kniel of staan met jou hande gevou en jou oë hemelwaarts en praat of dink kortliks:

O Hemelse Vader, my God, ek is 'n arme onwaardige sondaar. Ek verdien dit nie om my oë of my hande na U op te lig of te bid nie. Maar omdat U ons almal beveel het om tel bid en beloof het om ons te hoor en al het U dierbare Seun Jesus Christus ons geleer hoe en wat om te bid, kom ek na U in gehoorsaamheid aan U Woord, vertrouend op U genadige belofte. Ek bid in die naam van my Here Jesus Christus saam met al U heiliges en Christene oor die aarde, soos Hy ons geleer het: "Onse Vader wat in die hemel is"…. Ensovoorts woord vir woord.

Die Eerste Petisie: Laat U Naam Geheilig Word

Herhaal dan een deel herhaaldelik, miskien die eerste gedeelte:

"Laat U Naam geheilg word" en sê: "Ja, Here God, dierbare Vader, laat U Naam geheilig word, in ons maar ook in die hele wêreld. Vernietig die euwel, afgodery en kettery van die Turk, die pous en die vals leraars en fanatici wat U naam ydel en godlasterlik gebruik. Hulle spog aanhoudend dat hulle U woord verkondig asook die wette van die kerk, terwyl hulle eintlik die satan se verleiding en bedrog gebruik om talle arme siele wêreldwyd te verlei. Hulle maak dood en verspil onskuldige bloed. Deur sulke vervolging glo hulle dat hulle aan U diens bewys. Dierbare Vader, bekeer en weerhou hulle. Bekeer diegene wat nog bekeer moet word, sodat hulle saam met ons, en ons met hulleU naam mag heilig en prys, albei met ware leer en met 'n goeie en heilig lewe. Weerhou hulle wie onwillig is om bekeer te word sodat hulle geforseer sal word om op te hou om U heilige naam te misbruik, te onheilig en te onteer en om die arm mense te mislei.

Die Tweede Petisie: Laat U Koninkryk Kom

Sê:
"O Here God, God en Vader, U sien hoe die wêreld se wysheid en rede nie slegs U Naam beswadder en die eer wat U toekom aan leuens en die duiwel gee nie maar hoe hulle ook die mag, rykdom en glorie wat U hulle gegee het om die wêreld te regeer en daardeur U te dien, gebruik in hulle eie ambisie om U koninkryk te opponeer. Hulle is baie en magtig. Hulle plunder en verhinder die klein troppe van U koninkryk, wat swak, verwerp en min is. Hulle verdra nie u trop op aarde nie en dink deur hulle te verplunder vermag hulle 'n groot en goddelike diens aan U. Bekeer hulle wat nog kinders en lede van U koninkryk moet word sodat hulle met ons,en ons met hulle, U mag dien in U koninkryk, in opregte geloof en ongefeinsde liefde en mag ingaan in U ewige koninkryk wat alreeds begin het. Verdedig ons teen hulle wat aanhou om hulle mag en krag te gebruik vir die vernietiging van U koninkryk sodat, wanneer hulle van hulle trone afgegooi en verneder word, hulle sal moet ophou met hulle pogings. Amen".

Die Derde Pertisie: Laat U Wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde,

Sê: O, dierbare Here, God en Vader, U weet dat as die wêreld nie U naam kan vernietig of U koninkryk ontwortel nie hulle daagliks besig is met slegte truuks en skemas, vreemde sameswerings en intriges, wat saamtrek in geheime rade, mekaar onderteun en raad gee, saamspan met elke bose bedoeling om U Naam, U Woord, U koninkryk en U kinders te vernietig. Daarom, liewe Here, God en Vader, bekeer hulle en verdedig ons. Bekeer hulle wat U goedheid nog moet erken sodat hulle saam met ons, en ons saam met hulle, U wil mag gehoorsaam en dat hulle, om U ontwil, met blydskap, geduld en vreugdevol hulle kruis asook elke boosheid en teëspoed sal dra en daarmee U goedertierenheid en genade en perfekte wil sal erken, toets en ervaar. Maar bewaar ons teen hulle wat in hulle woede, haat, dreigemente en satanse begeertes nie sal ophou om ons te wil seermaak nie. Laat hulle bose skemas, truuks en toestelle tot niks kom nie en dit teen hulle draai, soos ons in Psalm 7:16 sing.

Die Vierde Petisie: Gee ons vandag ons dag se brood.

Sê: "Dierbare Here, God en Vader, gee ons U seën ook in hierdie tydelike en fisiese lewe. Skenk ons genadiglik U vrede .**[Grant to our dear emperor fortune and success against his enemies. Grant him wisdom and understanding to rule over his earthly kingdom in peace and prosperity]** Geen aan alle konings, prinse en regeerders wyse raad en die wil om hulle domein en onderdane te onderhou in rustigheid en regverdigheid.. **[Especially aid and guide our dear prince N., under whose protection and shelter thou dost maintain us, so that he may be protected against all harm and reign blessedly, secure from evil tongues and disloyal people. Grant to all his subjects grace to serve him loyally and obediently]**

Laat elle grondeienaars of toekomstige boere getrou, hartlik en lojaal wees teenoor mekaar. Gee ons gunstige weer en goeie oeste. Ek bring my huis en eiedom, vrou en kind voor U. Gee hulle goed sal behandel en bestuur, ondersteun en onderrig, soos 'n Christen dit behoort te doen. Verdedig en beskerm ons teen die verwoester en al sy slegte engele wat ons in hierdie lewel wil benadeel en seermaak. Amen.

Die Vyfde Petisie: Vergeef ons ons Skulde

Sê: "O Here, God en Vader, moet ons nie oordeel nie want geen lewende mens is regverdig voor U nie. Moet dit nie as 'n sonde teen ons hou so ondankbaar is vir U ongelooflike goedheid, sprituee l en fisies nie, of afgedwaal het na sonde nie, meer kere as wat ons weet of wil erken. (Ps 19:12). Moet nie let op hoe goed of sleg ons was nie maar slegs op U oneindige medelye wat U vir ons gee deur U dierbare Seun Jesus Christus. Vergewe ook hulle wat ons verkeerd behandel het, soos ons hulle ook uit ons harte vergewe. Deur hulle woede in hulle optrede teen ons, doen hulle hulleself die grootste skade aan . Ons baat nie by hulle vernietiging nie. Ons sal eerder wil hê dat hulle saam met ons gered word. Amen". (Laat enigeen wat voel dit is onmoontlik om te vergeef, bid vir genade om te vergeef; maar dit hoort in 'n preek).

Die Sesde Petisie: Lei ons nie in Versoeking nie

Sê: "O dierbare Here, Vader en God, hou ons fiks en wakker, gretig en getrou in U Woord en diens, so nie selfvoldaan en lui raak asof ons alreeds alles bereik het nie. Dan sal die sluwe duiwel ons nie oorval, verras en ontneem van U kosbare Woord nie, of onmin veroorsaak tussen ons, en ons lei na ander sonde skande, beide geestelik en vleeslik nie. Skenk ons eerder wysheid en krag deur U Gees om hom kragtig te kan weerstaan en die oorwinning te kan verkry.
Die Sewende Petisie: Maar verlos ons van die bose

Sê: "O liewe Here, God en Vader, hierdie ellendige lewe is vol mismoedigheid, ellende en rampspoed, vol gevaar en onsekerheid, so vol boosheid en ontrou, soos Paulus sê: "Die dae is boos…[Ef 5:] so regtens moeg word vir die lewe en verlang na die dood. Maar U, dierbare Vader ken ons swakheid. Help ons daarom, om veilig te wees tussen soveel onheil en dwaasheid; en wanneer ons laaste uur aanbreek, gee ons, deur U genade, 'n geseënde vertrek van hierdie dal van harsteer so nie in die gesig van die dood, bang of moedeloos raak nie, maar in sterk geloof ons siele in U hande plaas. Amen."

Amen

Laastens, dis belangrik, spreek die Amen sterk uit. Moet nooit twyfel nie. God in Sy genade hoor jou vir seker en sê "ja" vir jou gebed. Moet nooit dink jy kniel of staan alleen nie, dink liewer, die hele Christendom, alle toegewyde Christene staan hier langs jou en jy staan tussen hulle in 'n gesamentlike, verenigde petisie wat God nie kan minag nie. Moet nooit jou gebed klaarmaak sonder dat jy sê of dink, "Goed, God het my gebed gehoor. Dit weet ek as seker en waar." Dit is wat Amen beteken.

Jy moet ook weet nie wil hê jy moet al hierdie woorde opsê in jou gebed nie. Dit sal dan slegs ledige gesprekke wees, soos die Romeinse Katolieke Rosekrans, waar woord vir woord uit 'n boek gelees word asook die gebede van die priesters en monnike. Ek verkies dat jou hart geroer en gelei word aangaande die gedagtes wat veronderstel is om saamgevat te word in die Onse Vader gebed..
Hierdie gedagtes kan uitgespreek word as jou hart warm is en neig tot gebed op verskillende maniere, en in meer of minder woorde. Ek verbind myself nie tot sulke woorde en lettergrepe nie, maar bid vandag op 'n sekere manier en môre weer anders, afhangende van my gevoel en gemoed. Ek bly egter, so na as moontlik by dieselfde gedagtes en idees. Dit mag gebeur verlore raak tussen so baie verskillende van een petisie die ander 6 laat. Wanneer so 'n oorvloed van goeie gedagtes na ons toe kom is ons veronderstel om die ander petisies te laat. Maak plek vir sulke gedagtes, luister in stilte, en moet hulle onder geen omstandihede verhinder nie. Die Heilige Gees is besig om hier te preek en een woord van sy boodskap is veel beter as 'n duisend van ons gebede. Vele kere het ek meer geleer uit een gebed as wat ek sou leer uit baie lees en spekuleer.

'n Gretigheid vir Gebed

Dit is van groot belang dat die hart gereed en gretig gemaak word vir gebed. As the Preacher says, "Prepare your heart for prayer and do not tempt God" [Ecclus. 18:23]** Wat is dit anders as versoek as jou mond brabbel maar jou gedagtes dwaal? Soos die Priester wat gebid het:".*Deus in adjutorium meum intende*." Plaasarbeider, het jy die perde losgemaak. Domine ad adjuvandum me festina Diensmeisie, gaan uit en melk die koei. " *Gloria patti et filio et spiritui sancto*." Maak gou, seun, ek wens die koors kry jou. Ek het baie sulke gebede gehoor gedurende my ondervinding onder die pousdom. Die meeste van hulle gebede is van hierdie soort. Dit is godlasterlik en dit sou beter gewees het as hulle daarmee gespeel het as hulle nie beter kon of wou doen nie. Gedurende my tyd het ek, jammerlik, vele sulke kanoniese ure gebid, en op so 'n manier dat die psalm of die toegekende tyd verstreke was en ek nie geweet het of ek by die begin of in die middel was nie.

Alhoewel nie almal van hulle die woord uitblaker soos die genoemde Priester wat besigheid en gebed meng nie, doen hulle dit in die gedagtes en in hulle harte. Hulle gedagtes spring rond en as alles oor is weet hulle nie wat hulle gedoen of gesê het nie. Hulle begin met Laudate en onmiddellik is hulle in 'n gekkeparadys. Dit lyk vir my as iemand kon sien, wat uit 'n koue en onoplettende hart, as gebed kom, hy tot die gevolgtrekking sal kom kom dat hy nog nooit 'n groter grapmakery gesien het nie. Maar prys God, ek besef nou dat 'n persoon wat vergeet wat hy gesê het, nie goed gebid het nie. Met 'n goeie gebed onthou mens elke woord en gedagte van begin tot einde van die gebed.

Dus, 'n goeie barbier hou sy gedagtes, aandag en oë op die lem en hare en vergeet nie waar hy is met skeer of sny nie. Indien hy betrokke raak in te veel geselskap of toelaat dat sy gedagtes dwaal, sal hy waarskynlik sy kliënt se mond, neus of selfs keel raaksny. Dus, indien enigiets goed gedoen moet word, vereis dit volle aandag van al jou sintuie en ledemate, soos die spreekwoord sê: "*Pluribus intentus minor est ad singua sensus*" – Hy wat aan vele goed dink, dink aan niks en doen niks reg nie." Hoeveel te meer konsentrasie en enkelheid van hart verg gebed, om 'n goeie gebed te wees.

Hierdie is in kort, hoe ek die Onse Vader gebed gebruik wanneer ek dit bid.Tot vandag suig ek soos 'n kind aan die Onse Vader gebed, en soos 'n ou man eet en drink ek van dit en word nooit vol nie. Dit is die allerbeste gebed, selfs beter as die psalms, wat my ná aan die hart lê. Dit is sekerlik 'n bewys dat 'n ware Meester dit saamgestel en geleer het. Wat 'n jammerte dat die gebed van so 'n Meester so onbelangrik gebrabbel word oor die hele wêreld.
Hoeveel mense bid die Onse Vader menige duisend keer gedurende 'n jaar, en al sou hulle aanhou om dit so te doen vir 'n duisend jaar sou hulle dit nog nie gesmaak het nie en nog nie een iota, een kolletjie van dit gebid het nie. In 'n enkele woord, die Onse Vader gebed is die grootste 'martelaar' op aarde (soos ook die naam en woord van God). Almal martel en misbruik dit; min kry troos en vreugde in die behoorlike gebruik daarvan.

Bid die Tien Gebooie: 'n Krans met Vier Stringe

As ek die tyd en geleentheid gehad het om deur die Onse Vader gebed te werk, doen ek dieselfde met die Tien Gebooie. Ek neem een gedeelte na die ander en hou mself vry van enige afleiding om te bid. Ek verdeel elke gebod in vier dele, en kry 'n krans van vier stringe. Dit beteken van elke gebod eerstens dink as 'n instruksie, wat dit in werklikheid bedoel is om te wees, en oorweeg wat God van my so ernstig eis. Tweedens skakel ek dit oor in danksegging, derdens , 'n belydenis, en vierdens, 'n gebed.

Die Eerste Gebod: Jy sal geen ander gode hê nie

Ek doen dit in woorde of gedagtes, as volg : "Ek is die Here jou God, ens. Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie," ens. Hier oorweeg ek ernstig dat God van my verwag, en my leer, om Hom te vertrou in alle dinge en dat dit Sy ernstige doel is om my God te wees. Ek moet so aan Hom dink, teenoor die risiko om ewige verlossing te verloor. My hart moet op niks anders bou of op enige iets anders vertrou nie, hetsy dit rykdom, prestige, wysheid, mag, piëteit of enigiets anders is nie.

Tweedens dank ek Hom vir sy oneindige deernis waardeur Hy na my toe gekom het op so 'n vaderlike wyse en, ongevraagd en onverdiend, aangebied het om my God te wees, om vir my te sorg, my trooster te wees, my hoeder, en my hulp en krag in alle tye van nood. Ons arme sterflikes het so baie gode nagejaag en sou hulle nogsteeds gesoek het as Hy ons nie in staat gestel het om Hom openlik te hoor in ons eie taal nie, dat Hy beplan om ons God te wees. Hoe kan ons Hom ooit in alle ewigheid genoeg dank.

Derdens, ek bely en erken my groot sonde en ondankbaarheid deur die sublieme leringe, kosbare geskenk, deur my hele lewe so skandelik geminag het, en , deur vele dade van afgodediens Sy toorn ontlont het. Ek het berou hieroor en vra vir Sy genade.

Vierdens bid ek en sê: "O my God en Here, help my, deur U genade, om U gebooie elke dag meer te leer en te verstaan en daarvolgens te lewe in volkome selfvertroue. Bewaar my hart so nooit weer vergeetagtig en ondankbaar sal word nie, nooit ander gode of ander troos op aarde, of in enige skepsel, sal soek nie maar slegs aan U sal vashou, my enigste God, Amen, dierbare Here God en Vader. Amen."

Die Tweede Gebod: Jy sal die Naam van jou God nie ydelik gebruik nie

Die Tweede Gebod - *ook 'n krans met vier stringe*:

Eerstens leer ek God se naam in eer, heiligheid en skoonheid moet hou; nie te sweer of vloek nie. Nie te spog, eer of aansien te soek vir myself nie, maar om nederig Sy naam te soek, te aanbbid, te lofprys en groot te maak, en dat dit my enigste eer en glorie moet wees, dat Hy my God is en Sy nederige wese en onverdiende dienskneg is.

Tweedens dank ek Hom vir hierdie kosbare geskenk dat Hy Sy naam aan my bekend gemaak en toegewy het, Sy naam mag grootmaak en ek Sy dienskneg en skepsel genoem kan word, ensovoorts en dat Sy naam soos 'n magtige vesting is waarheen die regverdige mens kan vlug, soos Salomo in Spreuke 18:10 sê.

Derdens bely en erken ek dat my hele lewe ernstig en skandelik teen hierdie gebod gesondig het. Ek het nie slegs nagelaat om Sy heilige naam te eer nie, maar was ook ondankbaar vir sulke gawes en het, deur te laster, leuens te vertel en verraad, en dit misbruik het in my strewe na skande en sonde. Vierdens vra ek vir hulp van nou af, en krag om hierdie gebod te leer (om gehoorsaam te wees) en om bewaar te word van sulke nare ondankbaarheid, misbruik en sonde teen Sy naam en in dankbaarheid Sy naam sal eer.

Ek herhaal wat ek voorheen ivm die Onse Vader gebed gesê het: Wanneer die Heilige Gees met ryk, verligtende gedagtes in jou hart begin preek, eer Hom deur hierdie geskrewe skema; wees stil en luister na Hom wat beter kan doen as jy. Onthou wat Hy sê en maak duidelike notas want dan sal jy wonderlike dinge in die Wet van God ontdek, soos Dawid in Ps 119:18 sê.

Die Derde Gebod : Onthou die Sabbatdag dat jy dit heilig hou

Eerstens het ek hieruit geleer dat die sabbatdag nie ingestel is om ledig te wees of deel tw neem in wêreldse plesier nie, maar dit heilig moet hou. Nogtans word dit nie geheilig deur ons werke en aksies nie – ons werke is nie heilig nie – maar slegs deur die woord van God wie alleen suiwer en heilig is en alles heilig wat in kontak daarmee kom, of dit tyd, 'n plek, arbeid, of rus is, ens. Volgens Paulus wat in 1 Timoteus 4:5 sê dat alles wat geskape is, geheilig word deur die woord van God en gebed. Daarom besef ek op die Sabbatdag God se woord moet hoor en moet ondersoek. Daarna moet ek Hom in my eie woorde loof en dank vir al sy gawes en ook bid vir myself en die hele wêreld. Hy wat homself so gedra op die Sabbatdag hou dit heilig. As hy nalaat om dit te doen is hy slegter as die persoon wat op die Sabbatdag werk.

Tweedens dank ek God in hierdie gebod vir Sy groot goedheid en genade wat Hy vir ons gee deur die prediking van Sy woord. En Hy gee ons opdrag om daarvan gebruik te maak, veral op die Sabbatdag, want meditasie en oordenking kan nooit so 'n skat uitput nie. Sy woord is die enigste lig in die donker van die lewe, 'n woord van lig, troos en uiterse seën. Waar hierdie kosbare en reddenede woord afwesig is, bly niks anders oor as vreesaanjaende en skrikwekkende donkerte, foute en faksie, dood en ellende, asook die tirannie van die duiwel, soos ons elke dag dit met ons eie oë sien.

Derdens erken en bely ek my groot sonde en bose ondankbaarheid, want ek het my hele lewe die Sabbatdag skandelik misbruik en daardeur Sy kosbare woord geminag. Ek was te lui en lustesloos en nie geïnteresserd om daarna te luister nie, wat nog te sê om dit te begeer of dankbaar daarvoor te wees. Ek het dat my dierbare God Sy woord vrugteloos vir my laat verkondig, die kosbare skat geïgnoreer en dit onder my voete vertrap. Hy het dit in Sy groot genade verdra en nie opgehou om te preek en my te roep vir die verlossing van my siel nie. Hieroor het ek berou en vra vir genade en vergifnis.

Vierdens bid ek dat die genadige Vader myself en die hele wêreld mag bewaar in Sy heilige woord en dat Hy Hom nie sal onttrek van ons oor ons sonde, ondankbaarheid en luiheid nie. Mag Hy ons bewaar van geeste wat bestaan en vals leraars en mag Hy getroue en eerlike arbeiders in Sy oes stuur. [Matteus 9:38], dit beteken toegewyde leraars en pastore. Mag Hy ons genade gee om nederig te hoor, te aanvaar en hulle woorde eer as Sy woorde en ons opregte dank en lof te offer.

Ek leer om God my Skepper te erken; hoe wonderlik Hy my geskape het, liggaam en siel; en hoe Hy deur my ouers vir my lewe gegee het en in hulle die begeerte gevestig het om vir my, die vrug van hulle liggame, met oorgawe te versorg. Hy het my in die wêreld gebring, my onderhou, versorg, gekoester en geleer met groot toewyding, beskerm teen gevaar, deur probleme en harde werk. Tot nou toe beskerm Hy my, Sy skepsel, en help my in talle gevare en probleme. Dit is asof Hy my elke oomblik nuut skep. Maar die duiwel gee nie een oomblik in die lewe gewillig toe nie.

Tweedens dank ek die genadige Skepper namens myself, en die hele wêreld, dat Hy in die gebod die uitbreiding en bewaring van die mens gevestig het en bevestig, dws huis en regering. Sonder hierdie twee instansies of regerings kan die wêreld nie een jaar bestaan nie, want sonder die regering kan daar nie vrede wees nie, en waar daar nie vrede is nie kan daar nie families wees nie, en sonder families kan daar nie kinders gebore en opgevoed word nie en vaderskap en moederskap sal nie meer bestaan nie. Dit is die opdrag van hierdie gebod om beide familie en regering te beskerm en te behou, om kinders en onderdane te vermaan om gehoorsaam te wees; om dit ook af te dwing en geen oortreding ongestraf te laat nie – anders sou kinders al lankal die familie ontwrig het deur hulle ongehoorsaamheid, en onderdane sou die regering gedisorganiseer het en lam gelê het want hulle oortref ouers en heersers. Daar is nie woorde om die belangrikheid van hierdie gebod ten volle te beskryf nie.

Derdens bely en berou ek my slegte ongehoorsaamheid en sonde deur God se gebod teen te staan, ek het nie my ouers gehoorsaam of geeër nie. Ek het hulle getart en hulle te na gekom. Ek was ongeduldig met hulle ouerlike dissipline, was wrokkig en veragtelik teenoor hulle liefdevolle vermanings en het eerder saam met losmaats en slegte geselskap gemeng. God self veroordeel sulke ongehoorsame kinders en weerhou ‘n lang lewe van hulle. Sommige van hulle gee toe en verval in skande voordat hulle volwasse is. Wie nie sy vader en moeder eer nie sal die teregsteller moet gehoorsaam, of deur God se toorn tot ‘n bose einde kom. Ek het berou oor alles en vra vir genade en vergifnis.

Vierdens bid ek namens my en die hele wêreld dat God Sy Genade en seën ryklik sal uitstort oor families en regerings. Gee dat ons van nou af toegewyd sal wees, ons ouers eer, gehoorsaam sal wees aan ons regeerders, en die duiwel teenstaan wanneer hy ons wil verlei om ongehoorsaam en opstandig te wees, en mag ons die huise en regerings help verbeter en sodoende vrede bewaar, Dit alles tot prys en glorie van God tot ons eie voordeel en vir die voorspoed an almal. Gee hierdie gawes erkenning een wees dankbaar daarvoor.

Op hierdie punt moet ons ‘n gebed byvoeg vir ons ouers en meerderes, dat God vir hulle begrip en wysheid gee om ons in wysheid te regeer en ons te lei in vrede en geluk. Mag Hy hulle bewaar teen tirannie, oproer en woede en laat hulle hulle wend tot God se woord en dit nie onderdruk nie, ook nie ander te vervolg of oneer aan doen nie. Sulke uitstekende geskenke moet na gestreef word in gebed, soos Paulus leer; ander sal die duiwel in die paleis heers en alles sal in chaos en wanorde verval.

Indien jy 'n vader of moeder is moet jy op hierdie punt jou kinders onthou asook die hulp in jou huis. Die Hemelse Vader wie jou in 'n posisie van eer gesit het in Sy naam en bedoel het dat jy met die naam 'vader' geeër moet word. Vra dat Hy jou genade sal gee om op 'n goddelike en Christelike manier vir jou vrou te sorg en om te gee vir haar, jou kinders en werkers. Mag Hy vir jou die wysheid en krag gee om hulle goed te leer dat hulle met hart en verstand jou instruksies sal volg in gehoorsaamheid. Beide jou kinders en die manier wat hulle vorder is geskenke van God, dat hulle goed uitdraai en so bly. Ander is die huis niks anders as 'n varkhok nie en 'n skool vir rakkers, soos mens opmerk tussen die onbeskoftes en sondeloses.

Die Vyfde Gebod: Jy mag nie doodslaan nie

Eerstens leer ek hier dat God begeer my naaste moet liefhê so hom nie te na sal kom nie, nie deur woord of daad nie, ook nie seermaak of my op hom wreek in woede, gejaag, afguns, haat of oor enige bose rede nie, maar dat ek sal besef ek is verplig om hom by te staan en raad te gee oor elke liggaamlike behoefte. In hierdie gebod beveel God my om my naaste se liggaam te beskerm en hy myne moet beskerm. Soos Sirach gesê het: "*He has committed to each of us hie neighbbor*" [Ecclus. 9:14]
Tweedens gee ek dank vir sulke onverbiddelike liefde, voorsiening en getrouheid teenoor my deurdat Hy Sy magtige harnas en muur voor my stel om my fisiese veiligheid te beskerm. Almal is verplig om vir my om te gee en my te beskerm, en ek moet so doen vir ander. Hy behou Sy gebod, en waar dit nie gehoorsaam word nie, het Hy die swaard as straf ingestel vir hulle wat dit nie nakom nie. As dit nie vir hierdie uitstekende gebod en ordinansie was nie, sou die duiwel so 'n slagting tussen mense aangehits het dat niemand vir een uur in veiligheid sou kon leef nie – wat well gebeur wanneer God kwaad word en straf laat kom oor 'n ongehoorsae en ondankbare wêreld.

Derdens bely ek en het berou oor my eie wreedheid, en die van die wêreld, nie slegs omdat ons so verskriklik ondankbaar is vir sulke vaderlike liefde, en kommer teenoor ons nie – maar wat veral skandalig is, is da tons nie Sy gebooie en lering erken nie en onwillig is om dit te leer en skeep dit af asof dit ons nie raak nie of dat ons deel daaraan het nie. Ons ploeter selfvoldaan voort, en voel geen berou, deur die gebod te ignoreer, ons naaste afskeep, en ja, ons verlaat hom, veroordeel, wond of vermoor hom in ons gedagtes. Ons verval in woede asof ons 'n verhewe en eervol optree. Dit is regtig hoog tyd dat ons dit erken en betreur da tons soos skurke en nikssiende, oproerige en ongevoelige mense optree wat skop, krap skeur en mekaar opvreet soos wilde diere en geen aandag gee aan hierdie ernstige en heilige gebod nie.

Vierdens bid ek tot die liewe Vader om ons te lei tot begrip van hierdie heilige gebod en om ons te help om dit te onderhou en daarvolgens te leef. Mag Hy ons bewaar teen die moordenaar wat die meester is van elke soort moord en geweld. Mag Hy ons Sy genade gee dat almal mekaar vriendelik, sagmoedig en vrygewig sal behandel en mekaar van harte sal vergewe, mekaar se foute en tekortkominge op 'n Christelike en broederlike manier sal dra en aldus saam sal woon in ooreenstemming, soos die gebod ons leer en van ons verwag.

Die Sesde Gebod: Jy mag nie egbreek pleeg nie

Weereens leer ek hier wat God bedoel en van my verwag om te doen, naamlik om rein, ordentlik en gematig te leef, en om in beide in woorde of in dade nie 'n man se vrou, dogter of huishulp in die skande steek nie. Maar meer as dit, is ek veronderstel om die huwelik in ordentlikheid te ondersteun, te red en te beskerm na die beste van my vermoë. Ek moet die ydele gedagtes van hulle wat dit wil vernietig, en hulle reputasie wil vernietig, stilmaak. Ek is verplig om dit alles te doen, en God verwag nie slegs dat ek my naaste se vrou nie moet molesteer nie, maar dat ek dit aan my naaste verskuldig is om sy goeie naam te eer en sy karakter te beskerm, net soos wat ek dit van my naaste verwag, Want dit is die gebod.

Tweedens dank ek my getroue en liefdevolle Vader vir Sy genade en welwillendheid waarmee Hy my eggenoot, seun, dogter, werker en huishulp in Sy sorg en beskerming sal neem en sodoende engiets wat hulle oneer sal bring ten strengste sal verbied, Hy hou Sy gebod in stand en laat oortredings nie ongestraf nie, al moet Hy self optee indien iemand die gebod verontagsaam en oortree. Niemand kan Hom ontglip nie; hy sal of versoening moet kry of uiteindelik in die hel se vuur daarvoor betaal. God eis reinheid en sal egbreek nie verdra nie. Dit kan daagliks gesien word wanneer die onbekeerlike en verkwisting deur God se toorn oorval word en klaaglik vergaan. So nie sou dit onmoontlik gewees het om selfs vir een uur jou vrou, jou kind en werkers in eer en ordentlikheid te kon beskerm teen die duiwel se vuilheid, Wat sou gebeur is ongebreidelde immortalitei en dierlikheid, soos gebeur wanneer God in sy toorn Sy hand onttrek en enigiets toelaat om tot niet te laat gaan.

Derdens bely en erken ek my sonde, myne sowel as die res van die wêreld s'n, hoe ek my hele lewe gesondig het in gedagtes, woorde en dade. Ek was nie slegs ondankbaar vir hierdie wonderike leringe en gawes nie, maar het gekla en gerebelleer teen die goddelike verwagting van sulke ordentlikheid en reinheid en dat God nie allerlei hoerery en sluheid toelaat of ongestraf laat nie. Hy sal nie toelaat dat die huwelik verag, bespot of verdoem word nie, ensovoorts. Sonde teen hierdie gebod is, bowenals, die grootste en mees opvallendste en kan nie afgewater word of toegesmeer word nie. En hiervoor is ek jammer, ensovoorts.

Derdens bid ek vir myself, asook die hele wêreld, dat God ons genade sal gee om hierdie gebod gewilliglik en met vreugde te gehoorsaam sodat ek self rein sal leef en ook ander sal help en ondersteun om dit te doen.

Dan, as ek die tyd, of geleentheid het, en in die bui is, gaan ek voort met die ander gebooie. Ek het voorheen gesê ek wil nie hê ander moet gebonde voel deur my woorde of gedagtes nie. Ek wil dit slegs as 'n voorbeeld vir hulle, wie dit sou wou navolg, gee. Laat enigeen wat dit kan verbeter, al die gebooie, of een op 'n slag, oordink soos hy dit goed dink. Want wanneer die gedagtes gevul is met 'n saak, goed of kwaad, kan dit in 'n oomblik meer oordink as wat die tong dit in tien ure kan sê, of die pen dit kan neerskyf in 10 dae. Daar is iets vining, subtiel en kragtig ivm die gedagte en siel. Dit is by magte om vining die Tien Gebooie in die viervoud aspekte te hersien, sou dit met erns wou.

Die Sewende Gebod: Jy mag nie steel nie

Eerstens leer ek hier nie my naaste se eiendom teen sy wil mag neem nie, hetsy openlik of in die geheim. Ek mag nie vals wees of oneerlik in besigheid, diens of werk wees nie. Nie oneerrlike wins maak nie, maar ek moet myself onderhou deur in die sweet van my aangesig my brood te verdien. Verder moet ek toesien dat my buurman, soos ek vir myself dit wens, nie op enige van hierdie wyses bedrieg word nie. Ek leer ook uit hierdie gebod dat God, in sy Vaderlike besorgdheid, 'n beskermende hand oor my goed hou en ernstig verbied dat enigeen van my steel. Indien dit ignoreer word het Hy straf in plek gesit deur gevangenis en die tou in die hand van die laksman. Waar dit nie uitgevoer kan word nie, sal Hy self straf, en aan die einde sal hulle bedelaars raak, soos Spreuke sê: "Wie in sy jeug steel, sal bedel in sy ou dag", of, "*Stolen gain goes down the drain*".

Daarbenewens bring ek dank vir Sy standvastige goedheid dat Hy sulke wonderlike leringe, versekering en beskerming gee vir my en die hele wêreld. As dit nie vir Sy beskerming was nie sou daar nie 'n sent of 'n krummel brood oorgebly het in die huis nie.

Derdens bely ek my sonde en ondankbaarheid in die kere wat ek enigeen in my lewe teëgekom het, ontneem het of enigeen bedrieg het.

Vierdens vra ek dat Hy my en die hele wêreld, die genade sal gee om hierdie gebod te oordink, en beter mense te word, sodat daar minder diefstal, rente, verneukery en wetteloosheid sal wees en dat die Oordeelsdag waarvoor al die heiliges en skepping bid, spoedig 'n einde hieraan sal bring. [Rom 8:2-23]. Amen.

Die Agtste Gebod: Jy mag nie vals getuienis teen jou naaste spreek nie

Dit leer ons eerstens om eerlik te wees met mekaar, om leuens en rugstekery te vermy, om goed te praat van ander en vreugde te vind om goeie dinge oor mense te hoor. Sodoende word 'n muur rondom ons reputasie en integriteit gebou om ons te beskerm teen kwaadwillige geskinder en ontroue lippe. God sal dit nie ongestraf laat nie, soos Hy in die ander gebooie gesê het.

Ons skuld Hom dank vir beide die leringe en die beskerming wat Hy genadiglik aan ons skenk.

Derdens bely ons en vra vergifnis dat ons ons lewe deurgebring het in ondankbaarheid en sonde en ons naaste skadnelik hanteer het, met leuens en slegte woorde, alhoewel ons hom dieselfde bewaring van eer en integriteit skuld wat ons vir onsself begeer.

Vierdens vra ons hulp om van nou af hierdie gebod te gehoorsaam en 'n genesende tong te hê, ens.

Die Negende en Tiende Gebooie: Jy mag nie begeer nie

"Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie"..ook nie "sy vrou" nie, ens. Dit leer ons eerstens om nie ons naaste van sy eiendom, wat syne is, sal ontneem, deur voorgee of wettige eise, of vervreemding, of ontwrigting nie, maar hom help om te behou wat syne is, net soos ons dit vir onsself sal wil hê. Dit is ook 'n beskerming teen subtiliteite en kullery deur geslepe manipuleerders, wat hulle straf sal kry aan die einde.

Tweedens moet ons Hom dank.

Derdens moet ons met berou en hartseer ons sondes bely.

Vierdens moet ons toegewy vra om hulp en krag om sulke goddelike gebooi te onderhou.

Samevatting van die Tien Gebooie

Hierdie is die Tien Gebooie in hulle viervoudige aspek, naamlik as 'n skool teks, sangboek, boetedoening- en gebede boek. Dis bedoel om die hart tot inkeer te bring en te groei in toegewyde gebed. Sorg egter om nie alles, of té veel, onderneem dat jy geestelik moeg raak nie. So ook moet 'n goeie gebed nie lank en uitgerek wees nie, maar gereeld en vurig. Dit is voldoende om een gedeelte, of 'n halwe gedeelte, wat jou hart aan die brand steek te oorweeg. Die Heilige Gees sal dit vir ons gee en ons gedurig leer wanneer ons harte deur God se woord leeggemaak word en vry is van ander gedagtes en bekommernisse.

Hier kan niks gesê word oor die deel van geloof en die Heilige Skrif [in gebed] nie, aangesien daar nie 'n einde sal wees aan wat gesê kan word nie. Deur oefening kan mens die Tien Gebooie een dag hanteer en 'n Psalm of hoostuk uit die Skrif die volgende dag, en dit gebruik as flint en staal om die vlam in jou hart aan te steek.

'n Maklike Oefening om die Geloofsbeleidenis te Oordink

Indien jy meer tyd, of die geneigdheid het, kan jy die geloofsbelydenis op dieselfde manier as 'n krans met vier stringe doen. Alhoewel die Geloofsbeleidenis uit drie hoofgedeeltes of artikels bestaan, ooreenstemmend met die drie Persone van die Heilige Majesteit, soos dit verdeel is in die Kategese en ook elders.

Die eerste Artikel van die Skepping: Ek glo in God die Vader, Skepper van Hemel en Aarde

As jy dit toelaat skyn hier eerstens 'n groot lig in jou hart en wat jou in 'n paar woorde leer, wat al die tale van die wêreld en 'n magdom boeke nie kan begryp of beskryf nie, nl wie jy is, vanwaar jy kom, hoe die hemel en aarde ontstaaan het. Jy is God se skepsel, Sy handewerk . Dit beteken van jouself en in jouself is jy niks nie, dat jy niks kan doen nie, weet jy niks en is nie in staat tot enigiets nie. Wat was jy 'n duisend jaar gelede? Hoe was die hemel en die aarde 6000 jaar gelede? Niks, net soos dit wat nooit geskep gaan word, niks is nie. Maar wat jy is, ken, doen en kan bereik is God se skepping, soos jy mondelings bely [in die Geloofsbeleidenis]. Daarom het jy niks om voor God oor te spog nie, behalwe dat jy niks is en Hy jou Skepper is wat jou enige oomblik kan uitwis. Rede vertaan niks van so 'n lig nie. Talle slim mense het al gepoog om te leer wat die hemel en aarde, mens en dier is, en kon geen antwoord kry nie. Maar hier word dit verklaar dat, en die geloof bevestig dit, God alles uit niks gemaak het. Hier is die siel se tuin van plesier, langs wie se paadjies ons God se werk geniet. Maar dit sal te lank neem om dit alles te beskryf.

Verder behoort ons God te dank dat Hy ons deur Sy goedheid uit niks geskep het en ook daagliks voorsien uit niks, Hy het ons uittaande wesens gemaak, met liggaam en siel, intelligent, met vyf sintuie en ons georden om meesters te wees oor die aarde, visse, voëls, diere, ensovoorts. Verwys hier na Genesis 1 – 3.

Derdens moet ons bely, en berou hê, oor ons gebrek aan geloof en dankbaarheid deurdat ons geloof kortkom om hierdie ter harte te neem, of om te glo, na te dink en dit te aanvaar en dommer was as ondenkbare diere.

Verder moet ons bid vir ware en getroue geloof om God hoog te ag en, soos hierdie artikel verklaar, Hom te vertrou as ons Skepper.

Die Tweede Artikel van Verlossing: "*En in Jesus, Sy Eniggebore Seun"….ens.*

Weereens val 'n groot lig hier op en leer ons dat Christus, die Seun van God, ons verlos het van die dood, wat na die skepping, deur Adam se val, ons lot geword het en waardeur ons vir ewig sou vergaan,

Dink nou daaraan: net soos jy in die eerste artikel jouself moes beskou as een van God se skepsels, en dit nie moet betwyfel nie, so moet jy nou ook jouself beskou as een van die verlostes, en nooit daaroor twyfel nie. Beklemtoon een woord bo alle ander, byvoorbeeld, Jesus Christus, onse God, wat vir ons gely, gesterf en opgestaan het. Dit alles behoort aan ons en soos die Skrif verklaar, hou verband met ons, en dit sluit jou in.

Tweedens moet jy opreg dankbaar wees vir sulke genade en juig in jou verlossing.

Derdens moet jy met hartseer berou hê en jou goddelose ongeloof en wantroue in so 'n geskenk bely. O, watter gedagtes sal by jou opkom – die herhaalde beoefening van afgodsdiens, hoeveel kere jy gebid het tot die heiliges en ontelbare goeie werke wat verlossing teengewerk het.

Vierdens, bid dat God jou in egte en suiwere geloof in Christus onse Here, sal bewaar van nou af tot in ewigheid.

Die Derde Artikel van Heiligmaking: "Ek glo in die Heilige Gees", ensosvoorts

Dit is die derde groot lig wat ons leer waar so 'n Skepper en Redder gevind ka word in hierdie wêreld en dat dit alles tot 'n einde gaan kom. Daar kan heelwat hieroor gesê word maar hier is 'n opsomming: Waar die Christelike kerk bestaan, daar kan God die Skepper, God die Verlosser en God die Heilige Gees gevind word, Dit is Hy wat ons daagliks heilig deur die vergifnis van sonde, ens. Die kerk bestaan waar die Woord van God, aangaande hierdie geloof, gepreek en bely word.

Hier het jy weereens die geleentheid om lank na te dink oor alles wat die Heilige Gees elke dag vermag in die kerk, ens. Wees daarom dankbaar dat jy geroepe is en na so 'n kerk toe gekom het. Bely en berou jou gebrek aan geloof en dankbaarheid, dat jy hierdie alles afgeskeep het, en bid vir 'n ware en standvastige geloof wat sal bly en verduur totdat jy op daardie plek kom waar alles verduur word vir ewig; dit is in die ewige lewe, ná die opstanding van die dooies. Amen.

Luther, M (1999, c1968). Luther's Works, Vol 43: evotional Writings II (J.J. Pelikan, H.C. Oswald & H.T. Lehman, Ed.) Luther's Works (Vol 43, Page 193-211). Philadelphia: Fortress Press